15.7 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR PROJEK GLENZICHT (Artt 203, 282)

A. Die Sinode gaan in camera.
B. Diaken K Kruger stel die beskrywingspunt.
C. **Besluit:** Die Sinode het die saak bespreek en verwys na die Kommissie vir Finansies met die opdrag: "Formulering van besluit oor watter finansiële voordele die PK Kinderhuise uit die Glenzicht projek toekom".
D. Ds H Reinecke rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

E. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Dat 'n besluit geformuleer word oor watter finansiële voordeel die President Kruger Kinderhuise uit die Glenzicht projek toekom (vgl Acta 2009:941 ev). Die projek nader nou voltooiing en herverkope van die eiendom het ook al plaasgevind.

2. Motivering

2.1 Die ledevergadering besluit om President Kruger Kinderhuis (PKK) Johannesburg op 30 September 1999 te sluit. Sinode 2000 (Acta 2000:197, 2) het hiervan kennis geneem.
2.2 Sinode 2003 (Acta 2003:149, art 2) keur die aanbevelings van die SDDS goed naamlik:
2.2.1 Dat Glenzicht as 'n artikel 21 maatskappy geregistreer word.
2.2.2 Die te benoeme Deputate kry opdrag om die administrasie, beheer en toesig van Glenzicht in nouste samewerking met die Administratiewe Buro wat die finansiële sake hanteer uit te oefen.
2.2.3 Dat die ontwikkeling onder streng finansiële beheer en toesig voortgesit word.
2.3 Tot op dese is daar geen besluit geformuleer oor watter finansiële voordeel die President Kruger Kinderhuise uit die Glenzicht-projek gaan trek nie.
2.4 Indien die kerke in gebreke bly om sodanige besluit te formuleer, kan dit gebeur dat die Glenzicht-bate vir die President Kruger Kinderhuise verlore raak.

Besluit: Gevolg word gegee aan die beskrywingspunt met toevoeging dat alle beskikbare inkomste na die kinderhuise sal gaan.

F. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria oor projek Glenzicht: Die Sinode het die saak bespreek en verwys na die Kommissie vir Finansies met die opdrag: "Formulering van besluit oor watter finansiële voordele die PK Kinderhuise uit die Glenzicht projek toekom".

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die GKSA het by geen Sinode 'n besluit of 'n belofte gemaak dat Glenzicht-projek se finansiële opbrengs tussen die President Kruger Kinderhuise verdeel sal (of moet) word nie. Nêrens is daar 'n Sinodebesluit dat 'n finansiële voordeel uit hierdie projek vir die PK Kinderhuise "toekom" nie. Punt 2.3 van die Beskrywingspunt is 'n aanname en 'n interpretasie van iets wat nie bestaan nie. Die PK Kinderhuise het regtens geen aanspraak op enige finansiële voordele uit die Glenzicht projek nie.
2.2 Die feite is dat Glenzicht-projek se finansiële opbrengs uit herverkope in die helfte verdeel word:
2.2.1 Waarvan 50% in die SDDS-fondse gehou word vir Glenzicht se verpligtinge, uitgawes en instandhouding (ooreenkomstig kontraktuele klousules), en

2.2.2 Waarvan 50% in die SDDS-fondse gehou word vir die SDDS se 6 huidige versorgingsprojekte.

2.3 Die twee PK Kinderhuise is deel van die SDDS se huidige ses versorgingsprojekte. Die PK Kinderhuise ontvang dus finansiële voordeel uit die Glenzicht-projek se finansiële opbrengs uit herverkope.

2.4 Die SDDS is die Art 21 Maatskappy en regspersoon wat die gesag uitoefen oor die twee PK Kinderhuise, Glenzicht-projek en Diakonale Noodleniging (tans ses versorgingsprojekte) (vgl Acta 2000:149, 1.3.1).

2.5 Die twee PK Kinderhuise is nie twee onafhanklike regspersone op hul eie nie, maar hulle is onder die regspersoon van die SDDS (Art 21 Maatskappy). Die twee PK Kinderhuise is afsonderlik as NPO's onder die SDDS Art 21 Maatskappy geregistreer – elkeen het dus sy eie afsonderlike NPO registrasie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings:

3.1 Die Sinode bevestig die huidige praktyk dat die finansiële opbrengs uit herverkope van die Glenzicht-projek soos volg verdeel word:

3.1.1 50% aan die Glenzicht-projek vir onderhoud, instandhouding en ander verpligtinge (soos kontraktueel bepaal deur die koopkontrakte se klousules), en

3.1.2 50% aan die SDDS vir die befondsingsverpligtinge (tans onder andere die versorging van die twee PK Kinderhuise, versorgings van afgesette predikante, Mediesefondsbydraes van Kinderhuispersoneel en die Bystandsfonds KO, art 25).

3.2 Die Sinode gee opdrag aan die SDDS Deputate en SDDS Direkteure om seker te maak dat die NPO registrasies van die SDDS, PKK-Pretoria en PKK-Reddersburg voldoen aan die jongste wetgewing soos bepaal deur die RSA regering en deur die betrokke Provinsiale regerings, sodat die Kinderhuise steeds die staatsubsudies kan bekom.

3.3 Die SDDS-Deputate en Direkteure vra die kundige advies van die Regsdeputate om hul hierin (3.2) behulpsaam te wees indien nodig.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.